# Toetrede

## Liturgie van die Lig

### Dreams and Nightmares

Last night as I lay sleeping,
I had a dream so fair . . .
I dreamed of the Holy City, well ordered and just.
I dreamed of a garden of paradise, well-being all around and a good water supply.
I dreamed of disarmament and forgiveness, and caring embrace for all those in need.
I dreamed of a coming time when death is no more.

Last night as I lay sleeping . . .
I had a nightmare of sins unforgiven.
I had a nightmare of land mines still exploding and maimed children.
I had a nightmare of the poor left unloved,
of the homeless left unnoticed,
of the dead left ungrieved.
I had a nightmare of quarrels and rages and wars great and small.

When I awoke, I found you still to be God,
presiding over the day and night
with serene sovereignty,
for dark and light are both alike to you.

At the break of day we submit to you
our best dreams
and our worst nightmares,
asking that your healing mercy should override threats,
that your goodness will make our nightmares less toxic
and our dreams more real.

Thank you for visiting us with newness
that overrides what is old and deathly among us.
Come among us this day; dream us toward health and peace,
we pray in the real name of Jesus
who exposes our fantasies.

*~ Walter Brueggemann*

# Woorddiens

## Lesing 1: Genesis 37:1-28 (1953)

1 EN Jakob het gewoon in die land van die
vreemdelingskap van sy vader, in die land Kanaän.
2 Dit is die geskiedenis van Jakob. Josef het as seun van
sewentien jaar die kleinvee opgepas saam met sy broers
— hy was nog jonk — met die seuns van Bilha en die
seuns van Silpa, die vroue van sy vader. En Josef het die
slegte gerug oor hulle na hulle vader oorgebring.
3 En Israel het Josef meer liefgehad as al sy seuns; want
hy was vir hom 'n seun van die ouderdom; en hy het vir
hom 'n lang rok met moue gemaak.
4 Toe sy broers sien dat hulle vader hom meer as al sy
broers liefhet, het hulle hom gehaat en kon nie vriendelik
met hom praat nie.
5 Ook het Josef 'n droom gehad wat hy aan sy broers
vertel het. Daaroor het hulle hom nog meer gehaat.
6 Hy het naamlik vir hulle gesê: Hoor tog hierdie droom wat
ek gehad het.
7 Kyk, ons was besig om gerwe te bind op die land toe
meteens my gerf gaan staan en ook regop bly staan,
terwyl julle gerwe daar rondom kom en hulle voor my gerf
neerbuig.
8 Toe sê sy broers aan hom: Wil jy miskien oor ons regeer?
of wil jy miskien oor ons heers? En hulle het hom nog
meer gehaat oor sy drome en oor sy woorde.
9 Daarna het hy nog 'n ander droom gehad en dit aan sy
broers vertel en gesê: Kyk, ek het nog 'n droom gehad —
die son en die maan en elf sterre het hulle voor my
neergebuig.
10 Toe hy dit aan sy vader en sy broers vertel, het sy vader
hom hard bestraf en aan hom gesê: Wat is dit vir 'n droom
wat jy gehad het? Moet ons werklik kom, ek en jou
moeder en jou broers, om ons voor jou na die aarde neer
te buig?
11 En sy broers was afgunstig op hom, maar sy vader het
die saak in gedagte gehou.
12 En sy broers het die kleinvee van hulle vader by Sigem
gaan oppas.
13 Toe sê Israel vir Josef: Pas jou broers nie die vee op by
Sigem nie? Kom, laat ek jou na hulle toe stuur. En hy
antwoord hom: Hier is ek!
14 Toe sê hy vir hom: Gaan tog verneem na die welstand
van jou broers en die welstand van die vee, en bring vir my
berig terug. So het hy hom dan uit die dal van Hebron
weggestuur, en hy het by Sigem aangekom.
15 Daarop kry 'n man hom terwyl hy in die veld ronddwaal,
en die man vra hom: Wat soek jy?
16 En hy antwoord: Ek soek my broers. Vertel my tog waar
hulle die vee oppas.
17 Toe sê die man: Hulle het hiervandaan weggetrek, want
ek het hulle hoor sê: Laat ons na Dotan gaan. En Josef het
agter sy broers aan gegaan en hulle in Dotan gevind.
18 En hulle het hom van ver af gesien. Maar voordat hy
naby hulle kom, het hulle listig raad gehou teen hom om
hom dood te maak.
19 En hulle het vir mekaar gesê: Daar kom daardie dromer
aan!
20 Kom dan nou, laat ons hom doodmaak en in een van
die putte gooi en sê: 'n Wilde dier het hom opgeëet. Dan
sal ons sien wat van sy drome word.
21 Toe Ruben dit hoor, het hy hom uit hulle hand gered
deur te sê: Laat ons hom nie doodslaan nie.
22 Ruben het ook vir hulle gesê: Moenie bloed vergiet nie;
gooi hom in hierdie put wat in die woestyn is, maar
moenie die hand aan hom slaan nie — sodat hy hom uit
hulle hand kon red om hom na sy vader terug te bring.
23 En toe Josef by sy broers kom, trek hulle Josef se rok
uit, die rok met lang moue wat hy aangehad het,
24 en hulle neem hom en gooi hom in die put. Maar die put
was leeg; daar was geen water in nie.
25 Daarna het hulle gaan sit om brood te eet; en toe hulle
hul oë opslaan, sien hulle meteens 'n reisgeselskap
Ismaeliete wat uit Gílead kom — hulle kamele gelaai met
speserye en balsem en gom — op pad om dit na Egipte af
te bring.
26 Toe sê Juda aan sy broers: Watter voordeel is dit dat
ons ons broer doodmaak en sy bloed verberg?
27 Kom, laat ons hom aan die Ismaeliete verkoop, maar
laat ons hand nie teen hom wees nie, want hy is ons
broer, ons vlees. En sy broers het na hom geluister.
28 En toe die Midianitiese koopmans verbykom, het hulle
Josef uit die put uit opgetrek en uitgehaal en Josef aan die
Ismaeliete verkoop vir twintig sikkels silwer. En húlle het
Josef na Egipte gebring.

## Broodjies vir die Pad

Dear God… Save us from all perils—the clamorous desires of self-preservation, the trivial, the superficial, and all the pervasive and powerful perversions of our time that would cheapen the humanity of human beings.

*~ William Sloane Coffin Jr*

The philosopher Alfred North Whitehead asserts that God's vision or aim for any moment of our lives is "the best for that impasse." Even if the best is not always good, considering ideal options, it may be the most positive option given our context and circumstances. This appears to be the case in the story of Joseph and his brothers. Jealous of his father Jacob's obvious favoritism, they conspire to kill the dreamer. Their knives are sharpened; but they spare him when Reuben intercedes presenting an unpleasant but preferable alternative – throw him in the pit. (PaF)

Providence gently and persistently moves through our lives, seeking the best for us giving our situation and our particular local and global context. Providence does not eliminate freedom, but works within the choices we make, helping us to make more creative choices in the future. Working within an imperfect world, God's aim is toward maximal freedom, creativity, and beauty. This is good news for many of us – individuals and congregations – who see ourselves at "dead ends." Within the limitations of life, God is providing visions of a future and hope – these will not emerge without our efforts, but as we attend to God's vision, we will move ahead one step at a time toward a better future for us and the world.

Providence is always contextual. When we are open to divine guidance, God is able to be more active in our lives. Turning away from God limits God's guidance and effectiveness in our lives. Still, God continues to offer us both possibility and the energy to achieve divine possibility regardless of our life situation and previous choices. God never gives up! (PaF)

## Brood vir die Pad

### Om kinders te sien én te hoor

deur Wilhelm Jordaan

"Koester die gesin" is 'n gonsfrase wat gereeld gebruik word in gesprekke en op konferensies oor die geweldige druk op die moderne gesinslewe.

Koester is 'n ietwat deftige woord wat gewoon beteken iets soos die gesinslewe moet so sorgsaam vertroetel word dat kinders en ouers beleef hulle is tuis en welkom in die warmte van die gesinskring. Maar koestering loop dikwels skeef en dít het baie met ergerlike ouerskapstyle te doen:
Eerstens, die ouer as outoritêre generaal. Dit is wanneer pa of ma, of albei, glo kindwees behels 'n gevaarlike roetemars deur die lewe. Daarom is liefde en goeie versorging – gedra deur bevele, opdragte en waarskuwings wat gehoorsaamheid opdwing – voldoende rantsoen vir die mars.

Een van die slegte dinge daarvan is dat ouerlike vrese die rigtinggewende opvoedingsbeginsel word. Die kind se gevoelens oor lewensdinge word nie as belangrik beskou nie.

'n Kind se swaarmoedigheid sal byvoorbeeld afgemaak word as 'n "fase" wat sommer vanself sal weggaan, want sorgeloosheid is mos maar 'n oorheersende kenmerk van die kinderlewe.

Só 'n styl laat kinders voel hul gevoelens is verkeerd, ontoepaslik en ongeldig; dat hul ware gevoelens dinge is wat jy vermom, want pa en ma wil eintlik net dié soort gevoelens sien wat húlle gelukkig laat voel.

Tweedens, die ouer as bevooroordeelde regter. Dit is ouers wat opvoed verwar met aankla, verhoor en vonnis sonder om ooit die volle getuienis ter versagting aan te hoor.

Dikwels gebeur dit met dié uitgangspunt: "Ek weet hoe 'n kind se kop werk. As jy hulle net 'n klein bietjie speling gee, het hulle jou in die sak. Stel die grense vroeg en hulle gedra hulle."

Wat is dié styl anders as 'n soort ouerlike inkwisisie waarin die "regspraak" uit vrees en bewing nooit betwyfel mag word nie. Wie só grootword, ken nie die betekenis van tuis wees nie; weet net dat die lewe hard, genadeloos en ongenaakbaar is. En as jy iewers wil kom, is dít die styl waarmee jy ander hanteer: Val aan voordat jy aangeval word.

Derdens, die ouer as stroperige seepkisprediker wie se omgang met die kind oorheers word deur selfbejammerende sinspelings op al die dinge waarmee die kinders die ouerhart so seermaak.

Dié styl stel die ouer se innerlike rus en vrede oor "ons soet en gehoorsame kinders" bo die ontwikkeling van die kind se morele begrip. Algaande verknoei dit die kind se moraliteit tot muggiesiftery en lewensbeperkende skuld en skaamte oor die geringste oortredings of ouerlike verwagtings waaraan nie voldoen word nie.

Watter kind wat konsekwent skuldig moet voel en skaam gemaak word, kan oplaas werklik tuis en welkom voel in die teenwoordigheid van ouers wat "die pyn van ouerskap" só sigbaar op die mou dra?

Vierdens, die ouer as alkundige beterweter wie se kennis, insigte en lewenservaring tydig en ontydig voorgehou word as die enigste en onfeilbare grondslag vir elke kruispad en krisis in die kind se lewe.

Dit is so dat ouers (hopelik) meer begrip van lewensdinge as hul kinders het, maar die kind se vermoë om met selfvertroue eie besluite te kan neem, word nie gevorm deur ouerlike alkundigheid nie. Gee rigting aan gesprek sonder om dit oor te neem.

Juis omdat sulke ouerskapstyle maklik ingeweef word in die leefpatroon van 'n gesin, is dit belangrik dat ouers verstaan ouerliefde en die sentiment van goeie bedoelings is onvoldoende opvoeding. Wat van vroeg af moet bykom, is die moeilike ding van tyd afstaan vir herhalende gesprek waarin kinders gesien én gehoor word.

En ook gevorm word; nie volgens 'n gerieflike opvoedkundige bloudruk nie, maar volgens elke kind se unieke mensheid. Dít is nie iets wat net dáár is nie; dit moet ontdek word.

## Wegsending

Liefdegawes

Gebed

Doof van die Kerse

Seën

wynandnel@iafrica.com

082 901 5877